

'n Versamelvoëlnes in die Suid-Afrikaanse Museum in Kaapstad deur Lien Botha afgeneem.

> **Die skouspelagtige biosfeer van die kusdorp is die inspirasie.**

Natuur bekyk by FynArts

Medewerker

Met 'n effe aweregse titel, is die sleutel-kunstentoonstelling in die Ou Sinagoge 'n kern-aanbieding van die Hermanus FynArts-fees wat op Vrydag 5 Junie begin.

Sowat 30 kunstenaars oor 'n breë spektrum se werk word ingespan vir 'n tema wat die samestellers die opskrif *(In) The Nature of Things* gee. Die skouspelagtige biosfeer van die kusdorp is die inspirasie, maar die dubbelsinnige aard van die titel is doelbewus om besoekers aan te moedig om die natuur vanuit 'n ander oogpunt te bekyk en te ervaar.

Kunstenaars het sedert die vestiging van die plek 'n besondere verhouding met Hermanus en omgewing. Beroemdes soos **Hugo Naudé** en **Cecil Higgs** het hier geskilder. Vandag is daar tientalle kunstenaars van alle aard wat hier werk.

Dis binne dié ruimte waarin die kurators, **Marilyn Martin** en **Melvyn Minnaar**, die feestentoonstelling se strategie uitlê: "Dit betrek kunstenaars wat in hul werk met die natuur in gesprek tree, maar verby die opvallende, oppervlakkige skoonheid van die blomme- en diereryk en die landskap kyk."

Sommige gebruik dit metafories of mities, terwyl die kuns wat hulle maak die natuurlike wêreld ontgin om eietydse omgewingsake, sosiale en selfs filosofiese kwessies onder die loep te neem. Die gevolg, sê die kurators, is soms asemrowende visuele poësie.

In teenstelling met die opvallende ver- of afbeelding van die wêreld van fauna en flora, lei hierdie kunstenaars besoekers na 'n ander vertrekpunt – veral belangrik hier op Hermanus.

Onder die kunstenaars is bekendes soos **Helmut Starcke, Lien Botha, Leon Vermeulen, Stephen Inggs, Gavin Younge, Walter Oltmann** en **Gerhard Marx**. Jongeres soos **Ruann Coleman, Hanien Conradie** en **Catherine Ocholla** sal opwindende werk wys.

Die media is uiteenlopend. Daar is ongewone beeldhouwerk, klank- en mobiele installasies, afdrukke en foto's en skilderye. Selfs die buite-omgewing van die gebou, uit die laat-1930's, word ingespan.

Stefanus Rademeyer se fotokunswerk Arborescent Geometry VI

Die verhouding wat die mens met die natuur het, word op talle maniere uitgebeeld. Soos in **Helmut Starcke** se melankoliese skildery "Sacrifice", maar ook in die waterverfskilderye van heide deur Hermanus se eie internasionale botaniese kunstenaar, **Margaret de Villiers**.

(In) The Nature of Things open die fees amptelik op 5 Junie en is te sien tot 16 Junie. Daar sal ook rondleidings wees.

■ **Besoek www.hermanusfynarts.co.za**